


MAMBA TPL Stok Stoppers



Stoppers om TPL met 'n skoonmaak stok te meet - Werk beter as met merke op 'n stok

- Die maksimum TPL, soos gemeet met die **MAMBA** TPL-meter, MOET met die stok-metode nagegaan word om te BEVESTIG dat die dop diep genoeg in die kamer geplaas was;
- Die bekende metode om merkies op die stok te maak voor by die loop se kroon, werk nie vir my so goed nie. Hoe haaks maak jy die merke, hoe dik is die merke en hoe mooi beheer jy om presies tot op die merk te meet?;
- **MAMBA** verskaf 'n stopper, *bush* in Engels, wat met 'n sluitskroef aan die stok vasmaak en akkurater en meer herhaalbaar meet;
- Maak die slot toe sonder om die sneller te ontspan. Die slagpen moet teruggetrek bly, sodat dit nie teen die stok se punt vasdruk en die meting benadeel nie;
- Met 'n skoonmaakstok moet die jag altyd verwyder word, sodat die stok 'n groot plat voorpunt het om teen te meet. Druk die stok versigtig voor by die loop in tot teen die slotgesig;
- Draai die 1ste stopper se sluitskroef deeglik vas, terwyl die stopper stewig teen die kroon, en die stok stewig teen die slotgesig vasgedruk word;
- Verwyder die stok versigtig. Meet die maksimum looppengte akkuraat;
- Verwyder die geweerloop en laat val 'n koeël, punt vorentoe, van agter in die geweerloop. Ek vind dit werk makliker om die koeël met *tweezers* te hanteer;
- Gebruik nou 'n 2de skoonmaakstok en plaas dit, sonder 'n jag, van agter in die kamer en druk die koeël liggies teen die lande vas;
- Ry die koeël effe heen en weer tussen die twee stokke om te bevestig wanneer dit nét aan die lande raak, sonder om dit onnodig hard in die lande in te forseer;
- Skroef die 2de stopper aan die stok vas, terwyl die meetstok teen die koeël se voorpunt vasdruk, en die koeël liggies van agter deur die ander skoonmaakstok ondersteun word;
- Plaas die skuifpasser se kake oor die 1ste stopper en zero dit;
- Meet die afstand wydsbeen oor al twee stoppers. Met die dikte van die 1ste stopper outomaties afgetrek, meet ons nou die maksimum TPL;
- Hierdie stok TPL moet met minder as 0.3mm van die **MAMBA** TPL-meter mate verskil;
- Indien dit meer verskil, herhaal die meting met beide metodes, tot jy bevestig dat beide metodes vergelykbare metings lewer.

